# Polisie bekommerd oor vlaag rooftogte

Andries van der Heyde

Die Bela-Bela-polisie het aangedui dat rooftogte die afgelope maand in dié dorp toegeneem het.

Volgens 'n polisiewoordvoerder is die statistieke nie amptelik deur die nasionale kantoor bekend gemaak nie, maar merk die plaaslike polisiekantoor dié toename op.

'n Plaaswerker wat in die Springbokvlakte-gebied woon is op Woensdag 3 Maart in die nagtelike ure deur drie onbekende mans in sy huis oorval.

Die werker is vasgebind en van sy selfoon, huisware en kontant beroof. 'n Transformator is ook gesteel. Volgens die polisie het die rowers gesigmaskers gedra.

Die man het homself losgewikkel nadat die rowers gevlug het en die polisie ontbied.

'n Dag later is twee mans helder oordag by 'n woning in Swanepoelstraat, Bela-Bela, betrap terwyl hulle besig was om 'n televisie te ontkoppel.

Volgens die polisie het die booswigte 'n vuurwapen op die vroulike huiseienaar gerig toe sy en haar kind by die huis opgedaag en op hulle afgekom het. Die mans het op die vlug geslaan.

In die township het rooftogte oor naweke waar slagoffers met messe en skerp voorwerpe gedreig word, ook toegeneem, het die polisie gesê. Dit kom voor asof booswigte wag tot net voordat die aandklokreël in werking tree en dan toeslaan wanneer mense saans teen 23:00 se kant huiswaarts keer.

Die polisie ondersoek die moontlikheid dat van dié misdade dwelmverwant is.

Die polisie het inwoners voorts gemaan om uiters waaksaam te wees wanneer hulle transaksies via sosiale media doen. Mense word ook daarop gewys dat dit onveilig is om mense op afgeleë plekke vir "transaksies" te ontmoet.

Een klaer wat onlangs 'n fiets wou koop wat op sosiale media geadverteer is, het die "verkoper" op 'n stil, verlate plek in Ludorfstraat ontmoet. Daar is hy deur die "verkoper" oorrompel en van sy besittings beroof, het die woordvoerder gesê.

Die polisie raai inwoners aan om hul naaste polisiestasie of buurtwaglid te kontak indien hul verdagte bedywighede opmerk.

## TOEKA TOT NOU



**Die Pos blaai graag deur ou koerante in ons argief om te kyk hoe ons omgewing oor die afgelope vier dekades — sedert die koerant se ontstaan — verander het. Dié foto is in ons uitgawe van 22 Mei 1992 (29 jaar gelede) gepubliseer. Dit toon die rye vragmotors wat wag om mielies vir Zimbabawe by die Warmbad-silo te laai.**


## INVITATION TO COMMENT AND REGISTER

**NOTICE OF BASIC ASSESSMENT PROCESS AND WATER USE AUTHORISATION PROCESS FOR THE IMPROVEMENT OF NATIONAL ROAD R101 SECTION 8 FROM BELA BELA (KM 0.0) TO MODIMOLLE (KM 26.8), LIMPOPO PROVINCE**

Notice is hereby given in terms of Chapter 5 of the National Environmental Management Act (NEMA), 1998 (Act No. 107 of 1998), as amended that the South African National Roads Agency SOC Ltd (SANRAL) is proposing to improve the National Road R101 Section 8 from Bela Bela (km 0.0) to Modimolle (km 26.8). The Notice is also prepared in terms of Section 41(4) of the National Water Act No 36 of 1998, read with Regulations 17 to 19 Regarding Procedural Requirements for Water Use Licence Applications and Appeals in GNR 267 published in Government Gazette 40713 of 24 March 2017.

The National Road, R101 Section 8 is situated within two Local Municipalities (Bela Bela and Modimolle) both located within the Waterberg District Municipality, Limpopo Province. The project starts in Bela Bela at the intersection of R101 and Voortrekker Road (km 0.0) and ends at Modimolle at the intersection of R101 and R33. The road will start at coordinates 24°53'5.16"S and 28°17'56.88"E and will end at coordinates 24°42'0.33"S and 28°24'21.10"E. The R101-8 consists of a two lane, single carriageway road with gravel shoulders along most of the route. The road has an average surfaced width of 7.0 m. Within Modimolle, the road widens to four lanes with parking bays and sidewalks in the central business district (CBD).

The general objective of this project is to successfully and optimally upgrade the National Road R101 Section 8 from Bela Bela (km 0.0) to Modimolle (km 26.8). The broad goals of the road upgrade is to relieve traffic congestion to an acceptable level of service; Improve road geometry and road safety; Widen bridges and other structures where required for hydraulic and traffic capacity improvement; and provide adequate pavement capacity for the design period.

A Basic Assessment process, as stipulated in the NEMA EIA Regulations (2014) made under section 24(5) and 44 of the NEMA, 1998 (Act No. 107 of 1998) will be undertaken due to the following listed activities that are triggered: GNR 983 **Activity 9, 19 and 56** and GNR 985 **Activity 12** and **18**. A Water Use Authorization (WUA) will be triggered in terms of Section 21 (c) and (i) of the National Water Act (NWA), 1998 (Act No. 36 of 1998). These activities will be confirmed with the competent authorities (Depart of Forestry, Fisheries and the Department of Water and Sanitation).

Interested and/or affected parties who wish to participate by contributing comments, register or obtain more information on the above-mentioned should please contact **Vukosi Mabunda** on: **Tel**: 011 312 2537, **Cell**: 082 048 9840, **Fax**: 011 805 1950, **E-mail**: environment@gaenvironment.com or vukosim@gaenvironment.com or **Post**: P.O Box 6723 Halfway House 1685.

**PLEASE REGISTER YOUR INTEREST IN THE PROJECT BY NO LATER THAN 14TH MAY 2021**

SANRAL

GA Environment


# 'Red Bela-Bela' deur hofbevel te verkry



**Die Bela-Bela belasting-betalersforum (BBTF) het op Saterdag 27 Maart planne aan die gemeenskap voorgelê om die Bela-Bela-munisipaliteit reg te ruk. Dit volg ná maande van swak dienslewering. Volgens die BBTF stuur die munisipaliteit op 'n ramp af.**

Andries van der Heyde

"Ons is by 'n kruispad. Daar gaan niks van die dorp oorbly indien die gemeenskap nie dadelik ingryp nie."

Dít was die pleidooi van Johan Mills, voorsitter van die Bela-Bela-belastingbetalersforum (BBTF), aan 'n volgepakte saal tydens 'n noodvergadering wat op Saterdag 27 Maart by Laerskool Warmbad gehou is.

Inwoners van Bela-Bela wil nou — soos onlangs in Koster in Noodwes gebeur het — die hof nader om te beveel dat munisipale dienste, soos die instandhouding aan infrastruktuur, self bestuur word.

Bela-Bela — insluitende inwoners van Roodepoort, Noodhulp, Bospoort, die dorp self en die township — gaan die afgelope jaar gebuk onder ernstige diensleweringsprobleme.

Mills het gesê die dorp staan op die rand van bankrotskap en die gevaar raak daagliks groter dat daar op 'n ramptoestand afgestuur word.

"Die ouditeurgeneraal dui in sy vorige verslag van die Bela-Bela-munisipaliteit aan dat die munisipale bestuur nie die dorp of die inwoners se belange in ag neem nie. Hulle versuim om instandhoudingswerk te doen en dit sal die dorp se ondergang beteken," het hy gesê. Hy het gesê in die paar dae voor die vergadering was daar ongeveer 20 lekkasies weens foutiewe pype. "Dan praat ons nie eens van die probleme by die kragnetwerk, rioolaanleg en die toestand van ons paaie nie."

Mills het gesê 'n hofbevel sal die munisipaliteit dwing om vir sy inwoners om te gee.

Hy het syfers aangehaal waar daar in die vorige boekjaar verliese van tussen R4-17 miljoen aangeteken is weens lekkende waterpype.

Die dorp se kragrekening by Eskom beloop na verneem word meer as R40 miljoen en skuld aan Magalies Water beloop ongeveer R12 miljoen. Magalies Water voorsien tans ongeveer 40% van die dorp se water.

"Die munisipaliteit se totale skuldlas aan krediteure is meer as die waarde van die munisipale bates," het die vergadering gehoor.

Mills het ook gesê swak invordering en die onwettige afskryf van skuld dra by tot die finansiële krisis. "Die 2020-besluit om 50% van alle diensgeld af te skryf, was onwettig en nie tot voordeel van die dorp nie."

Volgens Mills betaal inwoners van Bela-Bela sowat 62% meer eiendomsbelasting as inwoners van Sandton. Boonop is 'n skamele 21% van die dorp se sakelui en inwoners verantwoordelik vir 90% van die totale belastingsinkomste aan die munisipaliteit, het hy gesê.

"Bykans elke sent wat ingevorder word, word vir salarisse aangewend (ongeveer R131 miljoen), maar die munisipaliteit het in die vorige boekjaar nie eens 1% van sy totale begroting op instandhouding bestee nie. As al die geld aan salarisse gaan en instandhouding nie gedoen word nie, sal munisipale dienste heeltemal ineenstort."

Hy het in reaksie op inwoners wat belasting wil weerhou, gesê belastingbetalers moet hul geld terughou tot op die laaste dag van betaling soos wat dit op die onderskeie munisipale rekenings aangedui word. "Inwoners moet druk op die munisipaliteit plaas om hul werk te doen," het Mills gesê.

"Ons hou binnekort samesprekings met regsgeleerdes om die hofproses 'n werklikheid te maak, maar ons sal die gemeenskap se hulp en bydraes nodig hê." Hy het gesê alle regsopsies word nou oorweeg om die munisipaliteit deur wetgewing te dwing om hul pligte na te kom.

"Niemand mag meer op die kantlyn sit en kla nie. Ons moet saamstaan om ons dorp van algehele verval te red."

Vir navrae kan mense vir Mills bel by tel. 084 447 3148 of vir Daleen Steynberg by tel. 082 787 5067.

* Daar was geen amptelike afvaardiging van die munisipaliteit by die vergadering nie. Kabelo Mosito, munisipale woordvoerder, het in reaksie aan Die Pos gesê die munisipaliteit neem kennis van wat op die vergadering gesê is en sal die gemeenskap op hoogte van sake hou.

# Wag aangekeer (en weer vrygelaat) nadat 24 dromme olie verdwyn

Andries van der Heyde

Munisipale dienslewering in Bela-Bela is nóg 'n gevoelige slag toegedien toe 24 dromme met transformator-olie skynbaar tussen neus en ore verdwyn het.

Die munisipaliteit het pas groot uitgawes aangegaan om gewone- en hoëspanningstransformators te vervang nadat inwoners van die Roodepoort-, Noodhulp- en Bospoort-hoewes bykans twee weke lank sonder elektrisiteit moes klaarkom.

Volgens 'n woordvoerder van die Bela-Bela-polisie het die diefstal van die dromme olie vermoedelik tussen 18-22 Maart by die substasie in die dorp se nywerheidsgebied plaasgevind.

Die waarde van die dromme olie beloop ongeveer R216 000.

Volgens die polisie is 'n veiligheidswag, wat in diens van die munisipaliteit is, in verband met die misdaad in hegtenis geneem. Die aanklag van diefstal teen hom is egter teruggetrek voordat hy in die hof verskyn het omdat "die ondersoek nog nie afgehandel is nie".

Tinus Ras, DA-raadslid, het by navraag aan Die Pos gesê hy stel ondersoek in na die vermiste dromme olie én die bewerings van diefstal.

* Inwoners van Bela-Bela het die afgelope ses maande behoorlik deurgeloop onder diefstal van hekmotors.

'n Man is op Woensdag 24 Maart in Bela-Bela in hegtenis geneem in verband met die vlaag diefstalle, maar die aanklag teen hom is ook intussen laat vaar.

* Die diefstal van koperkabels en transformatoronderdele is ook 'n groot kopseer in Bela-Bela.

Die polisie het op Donderdag 11 Maart vir Solomon Baloyi in hegtenis geneem nadat hy glo op heterdaad betrap is toe hy koperkabels van 'n transformator in die munisipale gebied gestroop het.

Hy is aangekla van diefstal en kragtens die wysigingswet op strafregtelike sake (The Criminal Matters Amendment Act) word hy bykomend daarvan aangekla dat hy noodsaaklike infrastruktuur beskadig het.

Baloyi het op Woensdag 17 Maart in die hof verskyn en is vrygelaat op borgtog van R500.

Sy saak is vir verdere ondersoek uitgestel na Dinsdag 6 April.